UITGAWE 39/2011

6 November 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor

Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Sluit by ons aan op facebook

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	6 November	Erediens— Belydenisaflegging Sondagskool Gr 1– 6 Tienerdiens Gr 7 –11 Kerssangdiens	09:15 17:00 18:00
Maandag	7 November	Bybelskool	18:00
Dinsdag	8 November	FB Vergadering Malawi Stuursel en Ge-bedsbyeenkoms	17:30 18:00
Woensdag	9 November		
Donderdag	10 November	Vrouebybelstudie	10:00
Vrydag	11 November		
Saterdag	12 November	Mannebiduur	07:00

INHOUDSOPGAWE

Nuusbrokkies	2	Jeugbediening	3
Sending gebedsversoeke	4, 5	Gebedsbediening	6
Kerssangdiens	7	Kruislig Koffiediens	7
Glinster Grys	8	‘n Huis wat uit as verrys	8

Ons Terreinbestuurder, Wessel Brooks gaan vanaf 14 November tot 12 Desember 2011 met verlof. Enigiemand wat belang sou stel om te help met aflos koster moet asb die kerkkantoor skakel so gou moontlik.

Dankoffer fees

Die ouderlinge en selleiers is tans besig met die insameling van die tiendemaand dankoffers. Dit is ’n besondere geleentheid om God met ons bydraes te eer. Die kerk het ook die offergawe nodig om belangrike werk voort te sit. **Kom ons werk soos een groot familie saam! Bid asseblief vir hierdie poging!** Die hele gemeente se offers word simbolies op 13 November aan die Here gewy. Ons sal u dan die volgende week op hoogte bring van wat ingesamel is.

Selbediening

Wat ‘n wonderlike voorreg om deel te wees van die selbediening!

Hierdie is ‘n lekker kuier geleentheid om meer van die Here te leer en veral werklike omgee liefde te beleef—ons raak soos een groot familie!! Ons mis jou daar, kom word deel van ons!!

Kontak Alta Pothas by 0832951192

KERSSANG KOORFEES

Ons koor bied weereens ons jaarlikse Kerssang program aan by die NG Gemeente Vyfhoek op Sondag 13 November 2011 om 15:30. By die geleentheid is ons bevoorreg om die Albertonse Mannekoor, Heidelbergse Mannekoor asook die Jewel Voices van Bloemfontein te verwelkom om die program met sowat 80 stemme nog meer spesiaal te maak.

Toegang is gratis, maar ‘n sagte kollekte sal opgeneem word

Ontdek jou plek!

U word uitgenooi om die ontdekking te maak waar God jou in Sy Koningkryk kan gebruik deur die **"Ontdek Jou Plek" kursus** te deurloop.

- Leer ken jou persoonlikheid
- Ontdek die gawes wat God aan jou gegee het
- Leer ken verskillende terreine waar jy hierdie gawes kan uitleef!

Die kursus gaan aangebied word Woensdag 16 November 18:00- ongeveer 20:00, Saterdag 19 November 09:00- ongeveer 11:00 asook Woensdag 23 November 18:00 . Die koste beloop R60-00 per persoon, wat die kursus materiaal insluit. Indien u belangstel, skakel Ds W Louw (0823407549) of Johannes van Rooyen (0827868193).

JEUGBEDIENING

- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het ‘n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het– bring julle kinders!
- Die bediening vir graad 1—6 is tydens die erediens. ’n Kort erediens word vir die kinders gehou en daarna word in klein groepies verdeel.
- Die bediening vir graad 7-11 begin 17h00 met ‘n erediens in die saal. Daarna word in die groepe verdeel. Ons sluit vanaand af vir die jaar.
- Op Saterdag 12 November is ’n Sondagskool piekniek vir die laerskoolgroep. Die kinders sal briefies vir die ouers kry.
- **Die belydenisklas lê op vanoggend belydenis af**. Dit is ’n wonderlike en spesiale gebeurtenis in elke Christen-tiener se lewe. Bid asb vir ontvanklike harte by elkeen wat die diens bywoon.

Ds Dawie de Wet—Frans-Afrika Sending

As ‘n mens in hierdie Afrikaland, waar 80% van die bevolking aan Christelike Kerke behoort, met Kerkleiers praat, besef 'n mens dat ons voor groot uitdagings staan. Die meeste kerke daar wat wel nog dink aan uitreik, dink glad nie aan hulle roeping nie. Hulle sal gou vertel dat hulle bid dat die Here 'n sendeling sal stuur om hierdie nood wat hulle sien, aan te spreek. As jy hulle daarmee konfronteer ("...Gee julle vir hulle iets om te eet....") dan besef jy dat hulle nie insien dat dit hulle roeping is om iets aan die nood te doen nie. Ek kon nie help om te besef hoe kontra-produktief baie uitreike van gemeentes na sogenaamde sendingvelde is nie: "Ons bid vir groepe van buite wat die nood sal kom aanspreek" is 'n handige verskoning van plaaslike kerke om hulle roeping te ontduik. 'n Leraar van 'n plaaslike kerk het jare terug al vir 'n Veritas-kollega gesê hy moet asseblief die boodskap deurgee dat die Weste moet ophou om "uitreike" te stuur, want dit ontneem die plaaslike kerke van die verantwoordelikheid wat die Here aan hulle toevertrou.

Die uitdaging voor ons hier plaaslik, in Frankryk en in Afrika is om vir elke plaaslike gemeente te oortuig dat die Here juis vir hùlle daardie verantwoordelikheid gegee het. Van ons kant kan ons hulle daadwerklik help met die toerusting van lidmate sodat hulle in staat sal wees om hulle roeping na te kom.

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING - Chris en Petro

Baie dankie:

- Vir jul gebede vir Sannie Niesing wat in motorfietsongeluk was. Sy is nog steeds in hospitaal. Dit gaan beter . Arms nou finale operasie gehad. Sy is baie positief en leer die personeel om geestelike liedjies saam met haar te sing.

Chris en Petro gaan vanaf 7 – 11 Nov bietjie rus. Bid asb vir 'n goeie uitrus.

Bid asb:

- Vir die Gideons wat vandag die Woord by die hospitaal bring.
- Vir die personeel en pasiente.

MALAWI SENDING - (Pieter Loots)

Baie dankie vir almal:

Wat my so vriendelik ontvang en bygestaan het tydens besoek.

Bid vir:

- Patuma. Dit lyk of sy beroerte het. Debbie het haar dadelik na die hospitaal geneem.
- Veilige terugreis vir Pieter na Malawi.
- Gelowiges wat deur hulle eie familie vervolg word.
- Probleme met brandstoftekort. Hulle moet tot 7 ure lank in die tou staan om brandstof te kry .

ANGOLA SENDING - (Freddie)

Freddie en Lesley is terug in Pretoria. Hulle het 12 000 km afgelê in die t yd wat hulle in Botswana was. Hul kon nie van Namibië se kant na Angola gaan, - was nie toegelaat nie.

Hulle het ook die tyd gebruik om verhoudings te bou en rond te kuier.

Die BOFF kursus met die studente was baie geslaagd.

Ons sê dankie aan ons Vader dat:

Hul veilig terug is na al die kolometers.

Freddie het 1 November verjaar. Ons wens hom toe 'n vreugdevolle nuwejaar saam met sy familie en vriende. Dat die Here hom in die besonder sal seën elke dag in sy werk en waar hy ook al rond beweeg. Dat hy ook God se nabyheid elke dag sal beleef.

BOTSWANA SENDING - (Jerry

..Bid asb vir:

- Belydenisklas waar hulle vandag belydenis aflê.
- My werks/verblyfspermitte vir Botswana wat nog hangend is.
- Voorbereiding vir uitreik na Botswana.

Dat ek God se wil en seën in alles sal soek.

KONGO VERITAS - (Ds Dawie)

Kom ons bid vir die Kongo

Dis duidelik dat die Christene die sleutel tot die toekoms van hierdie land hou. Daarom moet ons vir hulle bid, en spesifiek:

dat **die Woord van die Here** suiwer verkondig sal word, en nie net wat die mense graag wil hoor nie;

teen alle vorme van korrupsie, en dat al die kerkleiers openlik korrupsie sal teenstaan en nie maar, soos dikwels die geval is, bloot die korrupte sisteem sal volg nie;

vir die **geleenthede** wat ons het om gemeenteleiers binne gemeenteverband op te lei en hierdie probleme aan te spreek - bid spesifiek dat hulle sal besef dat hulle self die sleutel is tot die oplossing van die land se probleme;

Vir ons **samewerking** met die stigting FONDAK wat juis hierdie visie wil uitbou;

vir **César Massanga** wat tans ons enigste fasiliteerder in Kinshasa is wat die ook by FONDAK die opleiding fasiliteer;

vir ons projek in Lubumbashi waar Rev**. Wycliffe Mbuya** en 'n span fasiliteerders besig is met die toerusting van gemeenteleiers.
Bid veral dat die werk vinniger sal ontwikkel in die platteland, waar die behoefte die grootste is.

Vir die **verkiesing** van hierdie maand gehou word: dat daar nie bloedvergieting sal wees nie en dat ‘n wyse en verstandige president die leisels sal oorneem.

Gebedsbediening

2 Kor 9:6

Maar dink daaraan; wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.

GEBEDSAKSIES

Gebed voor die erediens – al die ouderlinge, gemeentebestuur en selleiers in konsistorie om 09:00;

Gebed voor aanddiens – enige lidmaat is welkom om 17:45 in die konsistorie saam te bid;

Gebed tydens erediens- selgroepe bid soos gereël;

Personeelgebed – Dinsdae om 08:15 bid die kerk se personeel saam;

Gebed vir vroue – Vrydae om 09:00 in konsistorie.

GEBEDSKETTING

Vir enige gebedsversoeke stuur 'n kort sms na 0824605272

GEBEDSVERSOEKE

Martin du Toit

Susan Pienaar

Daleen Venter

Paula Pretorius

Stoney Steenkamp en familie

Ds Dorette en familie

Dankofferfees

Kerssangdiens

Belydenisklas

WIL JY VOL WORD EN OORLOOP SODAT JY 'N VERSKIL KAN MAAK

TITUS 3:6 GOD HET DIE HEILIGE GEES OORVLOEDIG OP ONS UITGESTORT DEUR JESUS CHRISTUS ONS VERLOSSER

Wat beteken dit om oorvloedig vol te wees met die Heilige Gees en hoe kan dit 'n verskil maak in my lewe en gebed?

Kom luister saam met kinders van die Here vanaf **13 tot 16 NOVEMBER OM 18:00** na

FRANCOIS CARR. Ons gaan die 4 dae stil word en regtig God se aangesig soek en seker maak ons word oorvloedig vol met die Heilige Gees, sodat ons 'n verskil in ons huise, kerk en dorp en land kan maak.

'n Goeie wegspring punt vir jou geestelike transformasiereis:
Kruislig-koffiedienste Sondagaande om 18:00.
Informeel: kuier rondom koffie/ tee
Interaktiewe Woordbediening, praktiese illustrasies
Inspirerende verhale van mense wat saam op reis is.
Gebedsdeurbrake en gebedsondersteuning
Ervaar die werking van God se Gees

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

8 November:	11 November:	12 November:
Willie Britz	Frieda van Zyl	Gert Cornelissen
		Jack J v Rensburg

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

’n Huis wat uit as herrys?

Die afgelope dae was ek so diep dankbaar om te sien hoe oorvloedig ons gemeentelede hul harte en beursies oopmaak vir Stoney en Martie Steenkamp wie se huis onlangs afgebrand het.

Stoney het een oggend, terwyl ek weer hulp afgee, in trane na my opgekyk en gesê: “***Ds. ek en Martie is so diep dankbaar dat ons aan Miederpark gemeente behoort. Ons het nooit geweet gemeentelede versorg mekaar so nie!”***

Miskien moet ons almal eerlik wees en sê: “Ons het ook nie geweet gemeentelede behoort mekaar so te versorg nie!” Ons jaar tema “Terug strate toe” het soos ’n refrein deur die jaar na ons gekom en ons geleer om in die praktyk ’n verskil in mense se lewens te gaan maak. Of dit nou in Ikageng, of behoeftiges is wat deur die noodbank gehelp word, of ’n straat waar ons vuilgoed gaan optel, of krisisse soos die Steenkamp’s, dit maak nie saak nie. Ons het begin leer ons kan ’n praktiese verskil maak!

Dankie vir almal se hulp wat begin instroom. Elke skenking word aangeteken. Die week is R3300 op 3Nov oorbetaal. Daar was ook nog ‘n geskenkbewys. Tans word die huis se dak opgesit. Iemand het aangebied om daarmee te help. Iemand anders het glas vir al die vensters belowe. Ons het tot op hede genoeg ou beddens (enkel en dubbel) ontvang. Ons gaan nuwe linne kortkom. Die spesifieke groottes sal ons later noem as die beddens in die huis staan. Ons het beloftes vir ’n stoof met ooghoogte oond, tweedehandse yskassie, TV, wasmasjien, radio, 3 bankies, ses stoele (verskillend), klein tafeltjie, enkele gordyne, enkele borde, nuwe klere, ou klere, geskenkbewyse en kontant. (Van alles word boekgehou)

Vanaf 13 November gaan ons iets spesiaal doen om die egpaar te help. Binnekort vertel ons meer daaroor! Intussen is genoeg ou klere ontvang om in die onmiddellike behoefte te help. Onderklere en persoonlike items is ‘n behoefte. As u klere wil gee, sal geskenkbewyse vir nuwe klere of kontant beter werk. (U sal verstaan dat mens nie ou onderklere of ou skoene wil skenk nie.)

Ds. Willem koördineer die hele noodlenigings projek. Kontak hom by sel. 082 340 7549 om duplisering uit te skakel.

Inbetalings word soos volg elektronies of deur die kerkkantoor gedoen: Naam: NG Miederpark; Bank: ABSA; Tjek rek. 680 590 591. Verwysing: Brand.

Ek is oorweldig deur u liefde en meelewing. Hierdie is ’n groot gemeente poging waarin almal deel! U omgee liefde maak vir God ‘n verskil!

Baie, baie dankie.

Ds. Willem